








Theunie Kruger

Lees die Stadsbouer se storie op bladsy 3


# KOERANiA

Januarie 2025 ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT Volume 02 / Uitgawe Nr.14


## KITSNUUS

Lees meer binne

**Theunie is Stadsbouer van die Jaar**
*Bl 3*

**Chinese professor kuier in Orania**
*Bl 5*

**Jacobus kies moderne style**
*Bl 7*

**Franna Benadé was Oppidorp**
*Bl 8*

**Sy ontwerp haar lewe**
*Bl 10*

**Modeparade in die tuin**
*Bl 11*

**WEN BOEKE MET JOU STORIE**
*Bl 11*

**Sinkplaatfietstoer 'n sukses**
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Weskusvakansie bring golf van teleurstelling

Dia van Staden

Hulle het op Dinsdag 10 Desember met 'n 2x4 bakkie vanaf Alexanderbaai begin reis om Donderdag 12 Desember op Port Nolloth te arriveer. Pa en seun het by inwoners van die dorp gekuier en in hulle erf gekamp.

Op Maandag 16 Desember om ongeveer 08:30 het Peter Welgemoed, 'n Oraniër, en sy seun Ethan (12) by McDougalsbaai se braai-area, net duskant die rotse gestop om moontlike duikplek te ondersoek. Skielik het 'n herrie losgebars met die toeloop van, na bewering, 8 voertuie en 24 persone wat vyandig en gewapen op hulle toegesak het.

Peter het probeer om die situasie op te som en vir 'n vriendin, Benita, gevra om Ethan uit die spervuur van die situasie te neem. Ethan vertel hoe groot hy geskrik het. "Ons was net van plan om te gaan duik, toe die klomp voertuie oor die duine en van oral aangery kom en die mense uit hul voertuie klim. Ek het dadelik die wapens opgemerk."

Peter herroep dat die groep se houding onmiddellik dreigend en aanvallend was. "Dit was duidelik 'n magsvertoon." By verdere navrae het die groep uit lede van die SAPD, SAPD se honde-eenheid, lede van Doeane, die Groen Skerpioene, weermagpersoneel en Departement Bosbou, Vissery en Omgewingsake bestaan.

Peter vertel dat sy grootste vrees was wat met sy kind sal gebeur as dinge verkeerd sou loop. Soveel gedagtes het deur sy kop gespoel, maar hy het geweet dat hy nie die feestyd agter tralies wou deurbring nie. "Mens hoor soveel stories van soortgelyke goed wat skeefloop en mense agter tralies laat beland, al is hulle onskuldig," beklemtoon hy.

Die verteenwoordiger van die Departement het Peter daarvan beskuldig dat hy die strand stukkend ry. Daar was twee persone wat vorms voltooi het en opmerklik aanvallend was. Hy



Foto: Adam se Uitspanning

Toerbroers, die grootste Afrikaanse reisagentskap in Suid-Afrika, het behoorlik nes geskrop in Orania! Toerbroers, onder die leiding van direkteur, Andries Hendrik Potgieter, het onlangs 'n kantoor op die dorp geopen en advertensieborde pronk ook eersdaags op straat.

'Ons het besef daar is 'n behoefte vir 'n volwaardige reisagentskap in Orania wat gaste van die omgewing met reispakkette kan bedien. Maar meer as dit; ons vat ook hande met toerisme aanloklikhede in die omgewing om gaste van regoor die land na Orania te bring om hierdie unieke dorp te besoek,' vertel Andries.

Toerbroers se kantoor word deur inwoners, Irma en Barry Delport, bestuur en die eerste toere na Orania skop reeds in Februarie 2025 af. Die toere is so saamgestel dat dit die hoogtepunte van die dorp verken wat ook 'n dagtoer, besoek aan die konsentrasiekamp, 'n vlotvaart en lekker eet en kuier insluit. Die 3 nagte pakket sluit in vervoer vanaf Pretoria, 3 nagte se verblyf met meeste etes, uitstappies en Toerbroers gidse teen R7600 per persoon wat deel.

'Dis die ideale geleentheid vir inwoners om sommer ook hulle vriende en familie te nooi om by ons aan te sluit en saam te kuier,' sê Andries.

Toerbroers het nagenoeg 100 toere na bestemmings regoor die wêreld en in Suid-Afrika. Vir meer inligting kontak orania@toerbroers.co.za of besoek www.toerbroers.co.za




KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



## KOFFIE EN KLETS
### met die redakteur



# 'n Splinternuwe jaar verhoog die afwagting

As deel van die homo sapiens moet ons erken dat dit nie toevallig is dat ek en jy die voorreg beleef om 2025 te kon sien afskop nie!

Ons kon tog nie iets doen om dit te verdien nie? Dit is alles blote genade!

Die 2024 doelwitte is nie almal bereik nie. Ons gaan in 2025 meer doelgerig, meer realisties en meer objektief na drome en ideale kyk! Ons gaan onsself nie aan ander se strewes meet nie. Ons gaan weer lief word vir die refleksie in die spieël, want ons is na God se beeld geskape en uniek! Rerig?

Laat ons nou maar eerlik met mekaar wees. Sommige persone stel geen doelwitte nie en, volgens my, is daar dan geen rede tot verbetering of selfkritiek nie. Ander raak so weggevoer met onrealistiese ideale dat daar byna geen ruimte gelaat word om foute te maak nie.

Dis dopamien en seretonien wat met kortisol tennis speel. Ons ingewande bewe van al die adrenalien en die volgende oomblik verlam dit jou doen en late.

Ons neurologie begeer balans. Die brein wil voortdurend nuwe breinpaadjies bou, maar ons beperk onsself tot gemaksones waar waag nie wen is nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is feilbaar!

Ons tree op die baan aan, sak laag in die wegspringblokke, haal diep asem en fokus op die wenstreep terwyl sweetstraaltjies by ons rue afrol. Ek moet net nie struikel nie. Ek moet net nie dat my voet aan 'n hekkie haak nie. Ek moet net nie val nie…

Positiewe en motiverende selfdialoog is 'n wonderlike teenmiddel vir twyfel en negatiewe gedagtes. Ons Godgegewe gawes mag nie onder die maatemmer geplaas word nie. Roep dit weer op. Delf diep. Stof dit af en misbruik dit tot voordeel van jouself, 'n gekose gemeenskap en jou omgewing!

Deur te gee, ontvang jy!

Wat beoog JY om met die volgende 355+ dae te doen wat jy onverdiend ontvang?

Mag jou koffie stomend wees en jy 'n soetigheid daarin doop, sommer vir die lekkerte.

Kyk hoe lyk ons nou!

*Dia van Staden*

Vervolg vanaf bladsy 1

moes verskeie persoonlike vrae beantwoord wat op die aanklagvorms ingevul is. Die oorspronklike vorm wat aan Peter oorhandig is was 'n bevel om in die hof te verskyn. "Die aanklag was dat ek op plekke gery het wat nie vir publiek bedoel is nie. Dit was egter 'n klipharde en gevestigde pad waarop ek gery het. Daar ry bepaald gereeld voertuie. Hulle het fout gesoek en wou 'n punt bewys. Alles het binne 20 minute gebeur," bevestig hy.

Die feit dat daar geen aanwysings of kennisgewingborde is wat sou aandui dat niemand of geen voertuie daar toegelaat word nie, is deur lede van daardie gemeenskap aan Koerania bevestig. "Soos hulle gekom het, so het hulle gegaan," sê Peter half verslae.

Hy het dadelik 'n paar oproepe gemaak om advies te kry, sodat hy die situasie reg kon hanteer en nie emosioneel sou optree nie. "Dit was 'n vakansiedag en ek wou nie die dag bederf nie, daarom het ons wel besluit om, met permitte, te gaan kreef uitduik. Terwyl ons in die water was het dieselfde groep teruggekeer, maar ons nie weer genader nie."

Brazil, 'n gewilde kampeerplek naby Kleinzee, ongeveer 90km van McDougalsbaai af, het kort daarna deurgeloop. "Elders in Suid-Arika is Geloftefeeste bygewoon, maar op die noordelike Weskus is daar blykbaar jag gemaak op onskuldige kampeerders wat dié vakansiedag wou benut deur vredevol saam met gesinne en geliefdes uit te kamp," dui Peter ontsteld aan.

Volgens Sarel Stone, takvoorsitter van AfriForum op Springbok, is die saak nog lank nie afgehandel nie. Hy vertel dat Operasie Pakisa jaarliks geskied en word aangewend om ongewenste elemente van die strande en uit die gebied te hou. "Kampeerders wat al vir jare by Brazil kamp, waar daar niks is nie en elkeen met groot onkoste en moeite daar kamp, is getraumatiseer deur die manier waarop Operasie Pakisa uitgevoer is."

Die meerderheid boetes is kort na die voorval teruggetrek. Peter het Maandag 6 Januarie verneem dat syne ook teruggetrek is. "Die laaste ding wat ek wil doen is om 'n strand of die ekosisteem te beskadig. Ek verstaan die wette van die natuur," deel Peter ons mee.

Volgens Veronica van Dyk, 'n inwoner van die gebied, is die algemene gevoel onder die plaaslike gemeenskappe van Port Nolloth, McDougalbaai, Kleinzee en Brazil dat die verteenwoordigers van elke entiteit hul mag wou ten toon stel en nie wetlik opgetree het nie. "Die voorvalle het moontlik baie mense afgeskrik, maar aangesien ek niks verkeerd gedoen het nie, sal ek nie in die toekoms die gebied vermy nie," sê Peter met oortuiging.



Ethan en Peter Welgemoed



Brazil



Dié foto dui aan dat baie voertuie van dié roete gebruik maak wat kwansuis ontoelaatbaar is.
Foto: Peter Welgemoed




# Matriekuitslae word wel gepubliseer

Dia van Staden

Op Maandag 13 Januarie sal matrieks wat die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen voltooi het, hul uitslae op verskeie aanlyn mediaplatforms en in publikasies kan kry.

Die Inligtingsreguleerder (IR) se dringende aansoek om nie uitslae bekend te maak nie, is in die Pretoriase Hooggeregshof deur regter Ronel Tolmay met koste van die hand gewys. Die IR het aangevoer dat die Wet op die Beskerming van Persoonlike inligting (Popia) oortree sou word.

Die respondente in die saak was AfriForum, Anlé Spies (2021 matrikulant), Maroela Media, minister van basiese onderwys, die direkteur-generaal van basiese onderwys, Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum en Arena Holdings Bpk.

Die departement van onderwys sê op hul webwerf dat uitslae slegs eksamennommers en punte van matrikulante sal insluit. Toppresteerders en hul ouers sal Maandagoggend tydens 'n ministeriële ontbyt onthaal en gelukgewens word. Die amptelike bekendstelling van uitslae sal Maandag om 18:00 tydens 'n geleentheid in Randburg geskied, wanneer die minister van basiese onderwys, Siviwe Gwarube, die gehoor by die glansgeleentheid sal toespreek.

Koerania het met Anlé Spies (21) gesels om haar kommentaar oor die nuutste uitslag van die hofsaak te kry. Toe Anlé die eerste keer in Januarie 2022 die hof genader het om die uitslae gepubliseer te kry het sy baie ondersteuning van die publiek gekry wat haar sentiment gedeel het. "Heelwat mense het my genader om my te bedank dat ek vir die voorreg veg om die resultate steeds gepubliseer te kry. Ek het die media baie dopgehou om die algemene opinies te lees, en baie mense het my geDM om dankie te sê. Mense het stories vertel van die hele familie wat vroegoggend op koerantverkopers en die eerste aflewerings by motorhawens wag om daardie uitslae te kry," vertel die jonge dame.

Oor die nuutste saak dink sy dit was nie onnodig dat die aansoek dringend hanteer was nie.

"Die IR wil die voorskrifte die hele tyd op die nippertjie verander, maar 'n wen is 'n wen. Ek sal die proses dophou om te sien of hierdie uitslag 'n rippeleffek na 2025 se matrieks en hulle uitslae sal hê," deel Anlé.

Sy besef dat elke persoon hul eie opinie mag hê, maar dit bly vir haar 'n raaisel hoekom die IR iets wil wegneem wat in praktyk werk. Individue wat nie by skole hul uitslae kan kry nie sal op Dinsdagoggend vanaf 06:00 op die webwerf van die departement die uitslae kan kry.



Foto: Verskaf
Anlé Spies (21) is 'n jong dame wat een van die respondente in die saak teen die IR was om vanjaar se matriekuitslae gepubliseer te kry. Sy is tans 'n Junior Melkerybestuurder op 'n plaas in Hartbeespoortdam.



# Theunie bou in geloof


Stef Kruger en Theunie tydens die KultuurKuier wat in Augustus in Orania aangebied is. Theunie het die klank en beligting behartig.

As hy die geleentheid gegun sou word om 'n Stadsbouer aan te wys sou passie, toewyding en bereidwilligheid om 'n verskil te maak, van die kwaliteite wees om uit te sonder.

Theunie Kruger is aan die einde van 2024 as Orania se Stadsbouer aangewys. Hy is die hoof van bedryfstelsels en outomatiseringsafdeling by die Orania Dorpsraad, maar vir die gemeenskap meer bekend as die man agter die klankstelsel by etlike formele funksies en geleenthede waar klank, beligting of digitale projeksies benodig word.

"Ek is dankbaar vir die erkenning wat gegee word vir bydraes wat gelewer word, alhoewel ek dié glad nie verwag het nie," sê hy. Hy is alombekend as 'n nederige man en neem graag 'n blaadjie uit die boek van 'n leier wat inspireer of wat navolgenswaardig is.

Die stadsgedagte is vir Theunie maklik verteerbaar en hy kan dit vir homself visualiseer. "As ek na die laaste 33 jaar van Orania se bestaan terugkyk, het hy in politieke klimaat nog nie 'n Volkstaat geword nie, maar hy het heelwat tree gegee en oorwinnings behaal om na 'n stad te groei. Nou, met 'n ekonomie van skaal en 'n groter inwonertal, kan Orania 'n groter seggenskap hê wanneer mens die volgende tree na 'n doelgerigte Volkstaat wil gee."

Theunie en sy vrou Annelize het twee kinders en die jeug lê hom na aan die hart. Hy koester sy verhouding met die Here en wil jongmense aanmoedig om in verhouding met die Here te staan, sodat hulle hul roeping en skeppingsdoel sal vind, verstaan en uitleef. Hy besef die belangrikheid daarvan om 'n voorbeeld te wees sodat hy daardeur die jeug kan beïnvloed en ondersteun. "Die jeug moet respek vir hul medemens toon en deur leerbaar te wees sal die Heilige Gees hul met wysheid toerus sodat hul kan uitkom waar die Vader elkeen wil hê," verduidelik hy met oorgawe.

Dié gelowige man, eggenoot en pa haal vir St. Franciscus van Assisi aan: "Verkondig gedurig die evangelie, en as dit nodig is, gebruik woorde."

Hy geniet dit soms om alleen te wees sodat hy oordenkings kan geniet, maar weet dat hy nie die wêreld sal kan bereik as hy nie met mense te doen het of hulle in sy wêreld toelaat nie. "As ons Jesus se voetspore dien, dan moet ek uit my omgewing gaan om in die sendingveld in breë konteks te beweeg."

Sy antwoord op die vraag of tyd of geskenke vir hom belangrik is, reageer hy: "Tyd is vir my kosbaar, want mens kan dit nie terugkry nie. Maar 'n geskenkie nou en dan is lekker."

Theunie is lief vir musiek en Youtube is gereeld sy soekplek daarvoor.

Hy geniet 'n dokumentêre televisieprogram of iets wat binne sy belangstellingsveld val. "Wanneer die druk van die lewe my wil inhaal geniet ek 'n lawwe Schuster-komedie of 'n Whackhead poetsoproep."

Theunie doen gereeld diens as lid van die Orania Veiligheidsdienste se noodhulp- en reddingsspanne. Hy trap graag sy fiets werk toe maar geniet dit om vir ontspanning in die water te plas. Hy drink nie koffie, eet nie knoffel of eiervrug nie, en sal branderige kos binne perke eet. Groenrissies is nie vir hom 'n gunsteling toevoeging tot enige gereg nie.

Waar Theunie geleentheid kry om Orania aan besoekers of nuuskieriges te bemark sal hy graag Orania se strewe na Christenwaardes en beginsels, asook die standpunt wat vir die Afrikaner se volhoubaarheid en voortbestaan ingeneem word, verkondig. "My algemene kommentaar is gereeld dat Orania 'n dorp is waarbinne jy 'n verskil kan maak, indien jy sou wou."

Theunie se fokus vir 2025 is om nader aan die Here te kom, om Sy stem te hoor en Sy leiding te ontvang vir welke situasies oor sy pad mag kom. Hy wil hoop spreek. "Die tyd waarin ons leef is so onvoorspelbaar dat jy slegs op die Vader kan vertrou. Deur getrou saam met die Here te wandel sal ons Sy leiding vir elke daaglikse situasie ontvang."

"Die skrif wat ek die meeste aanhaal is: Maar soek eers die Koningkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Matt 6:33

Getrou aan dié voorloper se aard, sluit hy af met: "Mag my lewe vir iemand iets beteken."

# Geloftedag by Perdekraal

Nadat die vlae gehys is en die Gelofte deur dr Louis Bothma voorgehou is het die meer as 200 mense in die saal vergader.

Kolonel Wynand du Toit lewer die feesrede: (Opsomming)

"Andries Pretorius en die 464 burgers het nie na Bloedrivier vertrek om te gaan onderhandel nie. Hy het nie gaan witvoetjie soek nie. In die mistigheid van die omgewing het elke kryger op die vooraand beslis vrees ervaar terwyl hulle die kruit droog moes hou en ongeveer 30 000 impi's om hulle versamel het. Ek het self al die loop van 'n AK47 in die oë gestaar.

Afrikaners moet begin saamstaan. Ons moet ons geskiedenis ken sodat ons weet waarheen ons op pad is.

Suid-Afrika het die sterkste weermag in Afrika gehad. Tydens die Grensoorlog was die soldate nie bevrees om hul gesinne by die huis te los nie. Sedertdien het ons 'n volk van verskonings geword wat aanhou toegee sodat ons niemand kan aanstoot gee nie. Ons is selfs nou bereid om ons taal weg te gee.

Geld het belangriker geword as om vir ons bure om te gee, maar ons lanterns hang weer in die mis. Ons vyande is nie noodwendig van 'n ander ras nie, maar diegene wat werk om ons voortbestaan te benadeel. Ons het 'n volk van verdeeldheid geword, want dit is so lekker om vinger te wys. Dit is vir my belangrik dat elke boer of Afrikaner 'n doel moet bereik, al verskil ons van mekaar. Ons moet ons taal, kultuur en geloof bewaar. Ons moet wegbeweeg van die eie ek en saamstaan om ONS belange te beskerm en versterk."


Kol Wynand du Toit

Kolonel Wynand du Toit was die spreker tydens die Perdekraal Geloftefeesviering op 16 Desember 2024. Hy sê dat vrees ons skerper moet laat waarneem en beter besluite moet laat neem.


Dr Louis Bothma

Dr Louis Bothma, 'n gesoute historikus en storieverteller, het die tragiese, maar interessante geskiedkundige storie van die Slag van Paardeberg wat op 17–27 Februarie 1900 plaasgevind het, vertel. Die vertelling is by die Vandusiedrifslagveld, langs die Modderrivier, waar genl. Piet Cronjé se laer was, oorgedra.

Frances du Toit het die gehoor meer vertel van haar lewe as ' n vrou wat die elemente van Afrika se natuur al menigmale moes trotseer. Sy het binnenshuisontwerp studeer, maar in die Kongo in tente gewoon. Sy vertel dat sy nie kon bekostig om deur voorvalle oorweldig te word nie. Sy is ma van 2, Wynand se persoonlike assistent en sy bestuur ook die bemarking en verkope van sy boeke.


Francis du Toit

"In moeilike tye kan jy groot dinge bereik!"

-Frances du Toit



# BKO skop 2025 af met rekordgetalle en bou voort aan 'n hoopvolle toekoms

Bo-Karoo Opleiding (BKO) staan gereed om 2025 met rekordgetalle en opwindende geleenthede aan te pak. Vir die eerste keer in sy geskiedenis verwelkom BKO meer as 200 studente, waarvan maar as 100 eerstejaars in 2025 aansluit. Die akademiese jaar begin Maandag, 13 Januarie, na die eerstejaarskamp wat reeds hierdie naweek plaasvind.

Wat die kursus aanbod betrek is BKO se praktiese kursus benadering tot opleiding en stel studente in staat om hul drome en loopbane na te jaag. Die Nasionale Diploma in Siviele Ingenieurswese bied 'n deeltydse opsie vir werkendes wat hulself verder wil bekwaam. Die Tuissorgassistent-kursus volg 'n na-uurse model, wat leerders meer vryheid gee om hul studies met ander verpligtinge te balanseer. Hierdie programme, tesame met gevestigde beroepskwalifikasies soos Loodgieter en Elektries, is kernkomponente van BKO se toewyding tot gehalte en toeganklike opleiding. Die Boerderybestuursprogram toon ook 'n toename in studente wat vanjaar die program studeer, wat die groeiende behoefte van landbou- en boerderyvaardighede in die samelewing beklemtoon.

Met die groeiende studentegetalle het BKO groot voorbereidings getref om in 2025 'n uitgebreide leeromgewing te bied. Die Boublad (waar student fisies leer en oefen in konstruksie) is uitgebrei, en die Departement Gesondheid en Welstand beskik oor 'n vergrote simulasiekamer. Vir die Vroeë Kinderontwikkeling-kursus is 'n inspirerende lesinglokaal en simulasie-area ingerig om studente praktiese blootstelling te gee. Uitbreiding en groei op die Leer-My-Hoe-Proefplaas skep verdere praktiese geleenthede vir landbou studente. Verder staan BKO se personeelspan op 20, wat beteken dat BKO nie net in infrastruktuur nie, maar ook in kundigheid belê om sy studente die beste moontlike opleiding te bied.

Studente is die kern van BKO en Marike Labuschagne, Hoof van Studentesake, beklemtoon die belangrikheid van gesonde studenteontwikkeling: “Ons is verbind tot die volledige ontwikkeling van al ons studente – vir hul loopbane en ook as individue wat deel vorm van 'n groter gemeenskap. 'n Gesonde studentelewe en betekenisvolle integrasie in die Orania-gemeenskap is vir ons van kardinale belang, en ons is trots daarop om 'n omgewing te skep waar studente hul potensiaal vry en veilig kan bereik.”

Die studente bring 'n unieke energie na Orania wat nie ongemerk bly nie. BKO bedank die gemeenskap vir hul voortgesette ondersteuning en samewerking wat hierdie groei moontlik maak. Paul Vogel, Uitvoerende Hoof van BKO, sê: “Ons bly toegewyd aan ons visie van 'Vryheid deur opleiding en arbeid'. Die gehalte van ons programme, saam met die ondersteuning van die gemeenskap, stel jongmense in staat om met selfvertroue na hul toekoms te kyk en 'n verskil te maak.”

Laat aansoeke vir 2025 is steeds oop en sluit Vrydag, 24 Januarie.

Word deel van 'n instelling wat jongmense toerus om hul drome te verwesenlik en 'n blywende impak te maak! Koshuisverblyf en finansiering is beskikbaar.






# Jong professor leer die dorp deur die oë van 'n Oraniër ken



Professor Zhaoyi Arielle Liu het Orania op 4 Januarie 2025 besoek, waar sy die voorreg gehad het om Yoraldé Van Staden, 'n belowende jong leier in die gemeenskap, te ontmoet en met haar in gesprek te tree. Volgens Arielle weerspieël Yoraldé se optimisme en toewyding tot gemeenskapsontwikkeling die aspirasies van 'n nuwe generasie wat daartoe verbind is om 'n blink toekoms vir Orania te bou.

Professor Liu is 'n Chinese akademikus en Doktor in Besigheidsadministrasie. Sy is tans die direkteur van die Suid-Afrikaanse tak van die Instituut vir Afrika-studies by Zhejiang Normaal Universiteit. Sy is by die Besigheidskool van die Nelson Mandela Universiteit in Port Elizabeth gebaseer en doen al jare lank navorsing oor Suid-Afrikaanse politiek, ekonomie en etniese studies. As raadgewer van die Rharhabe-koninkryk van die Xhosa-mense neem sy aktief deel aan armoedeverligting en ekonomiese ontwikkelingsbeplanning. Liu is ook die stigter van die Sino-Afrikaanse Samewerkingsdenktenk (SAC Think Tank), wat werk om groter samewerking tussen Chinese en Suid-Afrikaanse regerings, ondernemings en opvoedkundige instellings te bevorder.

Haar besoek aan Orania was deel van haar poging om 'n publieksgerigte boek oor Suid-Afrikaanse geskiedenis en kultuur te skryf, met die doel om die land se diverse en lewendige samelewing deur egte familieverhale vas te vang.

Tydens die onderhoud het Yoraldé die gevoel van veiligheid beklemtoon wat die lewe in Orania kenmerk. Sy het genoem dat kinders vrylik in die strate kan speel en fietsry, wat 'n diep gevoel van vertroue en gemeenskap skep iets wat al hoe skaarser in baie ander dele van die land geword het. Yoraldé het erken dat hoewel die lewenskoste in Orania soms hoog kan wees, plaas die gemeenskap groter waarde op kollektiewe welstand en ontwikkeling eerder as materiële rykdom. Hierdie waardes, het sy verduidelik, dra by tot 'n bevredigende en harmonieuse lewenswyse.

Yoraldé het haar aspirasies gedeel om eendag 'n kinderopvoedingsentrum in Orania te kan oprig, gedryf deur 'n sterk verantwoordelikheid teenoor die jonger generasie. Sy glo dat onderwys die sleutel tot groei en geleenthede is, wat 'n volhoubare toekoms vir die gemeenskap sal verseker. Haar ambisies is nie gewortel in die soeke na rykdom nie, maar in die begeerte om deur opvoeding en diens aan die gemeenskap iets terug te gee en Orania se langtermyn-stabiliteit en voorspoed te versterk.

Op 'n persoonlike noot het Yoraldé aan haar genoem dat sy verloof is en hoop om in die komende jare saam met haar verloofde 'n gesin te begin. Sy glo dat familie en gemeenskap die hoekstene van persoonlike vervulling is. Ten spyte van huidige behuisings- en finansiële uitdagings bly Yoraldé vol vertroue dat deursettingsvermoë en gemeenskapssteun haar sal help om hierdie struikelblokke te oorkom.

Die professor is beindruk deur Yoraldé wat standvastig in haar oortuiging is dat Orania se toekoms steeds gevorm sal word deur die waardes van familie en gemeenskap. Sy het beklemtoon dat hoewel ekonomiese groei belangrik is, die bewaring van kulturele erfenis steeds die kern van die dorp se identiteit bly. Deur haar toewyding en leierskap hoop Yoraldé om hierdie tradisies aan toekomstige generasies oor te dra, sodat Orania in die toekoms 'n unieke en florerende gemeenskap sal bly.

Professor Liu is besig om Afrikaans te leer en sien daarna uit om Orania weer te besoek.

# Niklaas hou REGS



Niklaas Buys het op Dinsdag 7 Januarie 2025 'n Suzuki Jimny, 'n KTM Super Adventure 1290 motorfiets en 'n sleepwa vir die motorfiets ryker geword.

Volgens die eienaar van FKNArmy, Malcolm Wentzel, het hy dié jaarlikse kompetisie in 2021 begin toe hy onverwags 'n sosiale media gevolg begin ontwikkel het. Sy Facebook profiel: Facebook, het tans 469 000 volgers. "Ek wou mense tydens die grendelstaat help en toe het dié idee ontstaan waar deelnemers op 'n kompeterende en vernufbasis 'n voertuig kan wen," vertel Malcolm. FKNArmy het reeds groot bydraes gelewer tot individue se kankerstryd, gewigsverlies en ander broodnodige behoeftes.

Niklaas verduidelik aan Koerania dat hy die aanvanklike putt-putt uitdaging, wat tussen die vyf finaliste gehou is, gewen het. Daarna moes elke finalis afsonderlike pakkie uit 'n paar kies waarin die sleutels van die Suzuki Jimny versteek was. Niklaas het met die uitkloprondtes aanhoudend die regterkantse pakkie gekies, en sowaar as die gelukkig wenner uit die stryd getree. "Ek het 'n erge senuweekol op die krop van my maag gehad," glimlag Niklaas.

Sy pryse is Dinsdag afgelewer en nou beplan Niklaas om die motorfiets en sleepwa op 'n unieke wyse te verkoop, sodat hy wil vir sy pa se dubbele knievervanging geld bymekaar kan maak.

Niklaas Buys kan gerus met sy splinternuwe Suzuki Jimny spog. Hy is as 'n finalis in 'n gelukkige trekking, waar hy een kans uit ongeveer 9 000 gehad het, aangewys.

Niklaas hoop dat dié spoggerige KTM Super Adventure 1290 motorfiets en sy sleepwa vir 'n groot bedrag sal sorg wanneer hy dit verkoop. Hy wil sy pa se knieoperasies daarmee befonds.




VANUIT DIE GEHOOR

Ludwig Everson

## Voedselsekerheid op die agenda

Die Orania Tegnologievereniging het aan die einde van 2024 'n baie geslaagde gespreksaand oor voedselsekerheid in Orania aangebied. Onder die teenwoordiges was ou bekendes sowel as nuwe inwoners van die dorp, besigheidslui en inwoners met 'n passie vir tuine en kleinskaalboerdery. Van groot landbouplanne tot klein tuintjies, almal was daar om meer te leer oor die belangrikheid van voedselsekerheid.

Die aand het afgeskop met 'n ligte ete, waarna Dawid de Koker die geleentheid met gebed geopen het. Die hoogtepunt was die aanbieding deur Jacob Middel, 'n landboukundige met jare se ervaring, wat sy kundigheid en insig oor volhoubare voedselproduksie en die uitdagings rondom voedselsekerheid met die gehoor gedeel het.

Samevatting:

Jacob Middel het die belangrikheid van voedselsekerheid en die rol van Orania in die strewe na selfstandigheid benadruk. Hy het verduidelik dat voedselsekerheid beteken dat elke mens te alle tye toegang tot voedsame en veilige kos moet hê. "Dit vereis 'n gemeenskapsbenadering en 'n strategiese plan wat in fases geïmplementeer word," sê Jacob. Hy het die noodsaaklikheid van samewerking beklemtoon en verduidelik dat die gemeenskap oor die volgende vyf jaar 'n aksieplan in plek moet stel wat 'n balans tussen ekonomiese, sosiale en omgewingsfaktore sal bewerkstellig.

Daar was groot belangstelling en talle vrae en bydraes vanuit die gehoor, wat getoon het hoe diep die saak in die hart van Oraniërs rus. Besoekers was veral beïndruk deur die pragmatiese stappe wat die Tegnologievereniging voorstel, soos die vestiging van 'n gemeenskapstuin, die ontwikkeling van 'n koöperasie, en die uitbreiding van plaaslike markte vir vars produkte.

Databasis vir voedselproduksie

As deel van die plan is die Vereniging tans besig om 'n databasis saam te stel wat die huidige betrokkenheid van mense by voedselproduksie dokumenteer. Hierdie databasis sal help om die omvang van voedselproduksie in Orania beter te verstaan en toekomstige samewerking te vergemaklik. Enigiemand wat tans betrokke is by of belangstel in voedselproduksie word aangemoedig om hulle besonderhede by die Vereniging te registreer.

Enigiemand wat wil aansluit of meer wil leer oor toekomstige projekte, is welkom om die Orania Tegnologievereniging by 082 388 1409 te kontak. Met die samewerking van plaaslike leiers en die ondersteuning van Oraniers, lyk die toekoms rooskleurig vir 'n selfstandige, voedselseker gemeenskap.



GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies



## Begronde riglyne vir vandag se vrae

# 'n Nuwe boujaar

Alistair van Heerden

Met die aanbreek van 'n nuwe jaar kry Orania weer die geleentheid om terug te kyk na wat al gebou is. Ons kan in die strate rondloop en om ons kyk en sien wat al bereik is. Orania kyk ook vorentoe om verder te bou aan ons gemeenskap. Hierdie ideaal gaan nie net oor fisiese geboue of infrastruktuur nie, maar gaan oor mense. Orania wil 'n gemeenskap wees wat geskoei is op die Woord van God. Die vraag is: wat leer die Bybel ons oor bou, en hoe lyk 'n stad wat werklik op Bybelse beginsels gebou is?

Die Bybel bied talle voorbeelde van bou, soos die heropbou van Jerusalem onder leiding van Nehemia. Uit die geskiedenis leer ons belangrike lesse. Eerstens, bou begin met afhanklikheid van God. Nehemia het sy planne met gebed en vertroue op God se leiding begin (Nehemia 1:4).

Geen projek sal slaag sonder hierdie fondasie van afhanklikheid van die Here nie. Tweedens, bouwerk vereis samewerking. In Jerusalem het elke gesin en familie saamgewerk om die muur te herbou – 'n beeld van 'n gemeenskap wat eenheid nastreef en saamwerk aan 'n gedeelde ideaal (Nehemia 3). Derdens, bou gaan nie net oor strukture nie, maar oor die waardes wat 'n samelewing vorm.

Jesaja herinner ons dat 'n stad God se geregtigheid moet weerspieël. Ons lees daarvan in Jesaja 1:26, "En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue vesting genoem word.". En uiteindelik leer ons dat God altyd die middelpunt van bouwerk moet wees. Stede in die Bybel, soos Jerusalem, het God verheerlik, en die fokus was altyd op aanbidding en gehoorsaamheid aan Hom. Orania bely dat Jesus Christus die enigste Rots is waarop 'n gemeenskap gebou kan word, wat soos 'n stad op 'n berg, God se genade en heerlikheid spieël.

Wanneer ons as Afrikaners sê dat ons 'n stad soos Orania bou, moet dit meer as net fisiese vooruitgang insluit. Ons ideaal moet ook die huwelik, gesin, owerheid, ekonomie, onderwys, arbeid, en kultuur en elke ander lewensterrein insluit. Die koningskap van Jesus Christus moet in elke lewensterrein erken word. Liefde tot God en ons naaste moet ons kompas wees. So moet die owerheid as 'n dienskneg van God optree en regverdig wees in sy besluite, soos Paulus in Romeine 13 leer. Ons ekonomie moet gegrond wees op eerlike handel en eerbied vir arbeid – geen plek vir uitbuiting of luiheid nie.

Ons arbeid moet tot eer van God gedoen word en ander bevoordeel. Onderwys speel ook 'n sleutelrol: ons kinders moet geleer word om die wêreld vanuit 'n Bybelse beskouing te verstaan. Deuteronomium 6 beklemtoon hoe ouers en skole die Woord aan kinders moet oordra, sodat die volgende geslag wys en regverdig sal leef.

Kultuur is die belangrike boustene hoe ons hierdie stad oprig en inrig. Ons Afrikaner-tradisies, taal en gebruike is kosbaar, dis 'n erfenis om te bewaar, en moet altyd binne Bybelse grense beoefen word. Ons kultuur moet diep gegrond wees in ons geloof. Dit beteken dat ons trots op ons erfgoed kan wees, maar ook bereid moet wees om dit te hervorm waar dit nie met God se Woord strook nie. Kultuur wat op die waarheid gebou is, versterk 'n gemeenskap en gee dit 'n duidelike identiteit.

Die Here Jesus het gesê dat 'n huis wat op die rots gebou is, bly staan wanneer storms kom. Net so moet ons Orania bou op die rots van Sy Woord. As ons hierdie beginsels getrou toepas, kan ons nie net 'n selfstandige en florerende stad bou nie, maar ook 'n voorbeeld stel van hoe 'n gemeenskap volgens Bybelse waardes leef. Ons moet onsself afvra hoe lyk so Boerestad wat ons volgens hierdie beginsels beskryf?

Wanneer ons so Afrikanerstad bou, gaan dit beskryf kan word soos ons dit hierbo beskryf? Daarom is die nuwe jaar vir 'n nuwe boujaar, want ons het die beloftes en bevele van die Here as ons baken na die toekoms.

# Menings

**Lede van die gemeenskap is versoek om 'n woord te verskaf wat hul 2024 beskryf en dan 'n beskrywing te gee van wat hul in 2025 ANDERS sal doen.**
**Hier is ons mense se woorde van hoop.**



Elmien Botha

2024 = Dankbaar (ons het dit oorleef)
In 2025 gaan ek ophou om toe te laat dat die klein jakkalsies my vreugde steel.



Johan de Klerk

2024 = Kophou
In 2025 wil ek meer kwaliteit tyd saam met my gesin deurbring.



Drizel Holtzhausen

2024 = Wortels
2025 = Ek gaan meer tyd maak vir wat my gelukkig maak, en om die gelukkige oomblikke te vier en te geniet.



Abigail Ackermann

2024 = Uitdagend
2025 = Ek gaan een dag op 'n slag aanpak en nie poog om die toekoms vooruit te loop nie.



Carien Strauss

2024 = Lewensveranderend
Gedurende 2025 gaan ek die geleentheid meer gebruik om mense na ons huis te nooi vir 'n kuier.



James Schietekat

2024 = Groei
2025 = Ek beplan om meer op myself en my belange te fokus as ander mense s'n.



Wilna van Tonder

2024 = Geseënd!
2025 = Ek gaan probeer om meer geduld te hê in die volgende jaar. Met myself en met ander!



Theuns Wessels

2024 = Genade
2025 sal anders wees as ek 'n wag voor my mond sit.



Etienne Cronning

2024 = Deurmekaarspul
2025 se fokus is om meer tyd tuis te kan spandeer.



Francois van Schalkwyk
2024 = Oogoopmaker
2025 = Om die onsmaaklike en negatiewe voortaan te vermy en myself te distansieer van afbrekers. Om op myself te konsenteer en om meer vir myself om te gee. Dis my eie tyd en my eie lewe!

# Argitek hunker na eenvoud

**Koerania gesels met Jacobus le Grange, die eienaar van Pluspunt Argitektuur en Meer.**

Dia van Staden



Die uiteindelike produk wat gelewer word bring vir Jacobus vervulling en die klein belonings langs die ontwerp pad maak dié beroep 'n plesier. "Dit is soos 'n koek wat jy bak. Soos wanneer die verskillende komponente reg bymekaar gesit word," verduidelik hy.

Hy vertel van die klein uitdagings langs die pad en lig kliënte wat "soveel soos die argitek self weet" as 'n uitaging uit. Hy verstaan die behoeftes van 'n kliënt, ook omdat dit dalk hul grootste finansiële belegging ooit sal wees. "Deur vir 'n argitek eenvoudige, ondeurdagte tekeninge te gee wat hy dan moet maak werk, is nogal 'n beslommernis en dit spaar die kliënt nie werklik aan uitgawes of tyd nie," noem Jacobus.

Aangesien hy sy beroep as 'n spesialisteitsveld beskou het hy ook persoonlike voorkeure, sonder dat hy dit op 'n kliënt sou afdwing. Hy was voorheen aan die Kaapse kus werksaam en daar het hy baie met moderne style gewerk waar materiale en elemente so goed geplaas word, dat dit nie noodwendig die fokus is nie, maar ruimtelike trefkrag inhou.

Oor volksbou vertel hy: "Dié tydperk korrekte boustyl word gereduseer tot basiese beginsels, maar onder en agter dit is oop ruimtes, wat nie kenmerkend is van volksbou nie. Hy sou die styl eerder in volledige modern ontwerp wou toepas.

'n Groot inspirasie vir hom is Christopher Alexander, wat die boeke, A pattern language en The timeless way of building, geskryf het. "Hy leer jou daarin hoe om ruimtes lekker te ervaar sodat jy lewensgemak kan hê."

Jacobus beskou 'n voornemende perseel in sy volledige konteks. Natuurelemente en verskeie ander faktore word in ag geneem voordat hy 'n ontwerp begin ontsluit.
Ander mense se moedeloosheid en 'n gekla werk hy met sy positiewe ingesteldheid teë. Hy beskou die lewe as 'n geleentheid om altyd na iets uit te sien. Wanneer hy genoeg oefen en sy gesin gelukkig is, is Jacobus gelukkig. Dit motiveer hom.

Hy oefen juis tans sy naellope vernuf omdat hy vir die Meesters Atletiekkampioenskappe voorberei. Alhoewel hy in die konsep van mentors glo, is hy steeds op soek na hulle. "My pa, Koos, is beslis 'n mentor vir my, want hy besit een van die grootste kwaliteite van 'n mentor, en dit is dat hy ook vir my die beste wil hê."

Een van sy grootste beroepsaanpassings was by 'n vorige werkgewer, maar tyd het hom geleer dat dit 'n persoon se eie verwagtinge is wat die probleem vererger. "Ek het met tyd geleer om nie te lank te karring aan die verkeerde roete of manier nie, maar om vinniger aanpassings te maak sodat dit in 'n wen-wen omskep kan word."

,n Lewenswaarheid wat hom bybly is: "Hoe meer mense, hoe meer dinge en hoe meer dinge, hoe meer goetertjies." Hy en sy gesin hunker na eenvoud. "Selfwerksaamheid pas ons deeglik toe en dan is ons diep daarvan bewus dat ons self uitdagings sal teëkom. Dit laat jou moeilike goed regkry."









**Promosie**

## Die Voortrekkermonument onthou 'n kuns-reus

"Met goeie kuns kan jy nie volstaan by 'n mooi skildery nie. Goeie kuns trek jou nader. Dit nooi jou uit om dieper te kyk as die ooglopende lyne en kleure en dieper oor die boodskap na te dink. Goeie kuns nooi jou veral uit tot 'n dieper gesprek."

Só het dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument (VTM), in 2019 die werk van die ontslape skilder Gerrit Pitout beskryf en vandag eggo dié woorde steeds teen die mure van die VTM-FAK-Kunsgalery waar Pitout se laaste werke elke dag van sy nalatenskap getuig. Pitout is op Sondag 15 Desember in die ouderdom van 71 oorlede.

Pitout se nalatenskap leef nie net voort in sy kuns nie, maar met sy besonderse talent het hy dit ook reggekry om, by die monument, die geskiedenis van die Afrikaner te laat voortleef. Pitout is in 2022 opgekommandeer om een van die grootste take vir die nuwe Vrijheidsreis-uitstalling wat in daardie jaar in die VTM beplan is, aan te pak en natuurtonele te skilder wat die Voortrekkers se reis in die Groot Trek kan voorstel.

As een van die skilders wie se werk sedert 2023 in die VTM-FAK-Kunsgalery (tóé bekend as Kundramus) uitgestal word, het Pitout ook 'n groot rol gespeel in die uitbou van die VTM se kunsaanbod en die kunserfenis van Suid-Afrika.

Marize Möller, bestuurder van die galery, sê Pitout sal altyd onthou word deur haar en die ander kunstenaars van die galery as 'n man wie se passie, liefde vir die lewe én vir die wêreld rondom hom, uit sy kuns gestraal het.

"Toe Gerrit oorlede is, het ons 'n ware man van Afrika verloor," vertel Möller.

"Sy kuns het diep uit sy siel gekom. Ons het saam grootgeword en om hom te sien, was altyd spesiaal. Mag die sand van sy geliefde Kgalagadi sy as vat en oor die duine laat waai om altyd sy teenwoordigheid daar te voel. Rus in vrede my goeie vriend. Rus in vrede."

Gerrit Pitout was 'n man wat met 'n ongelooflike oog na die wêreld rondom hom gekyk het en met besonderse talent dié wêreld op 'n skilderdoek vasgevang het, en vandag onthou en eer die kultuurtuiste hom as ikoniese skilder, geskiedenisliefhebber en storieverteller.



## 'n Jaar van harde werk by die Heldeakker-begraafplaas

Met 2024 wat amptelik verby is, kyk ons terug na die toewyding en spanwerk wat nuwe lewe in die Heldeakker-begraafplaas geblaas het. Danksy die pogings van die FAK, gemeenskapslede en vele ander organisasies, is hierdie historiese terrein deur die jaar versorg en gerestoureer.

In Januarie het die begraafplaas sy eerste uitdaging van die jaar in die gesig gestaar. Ná swaar reën in Desember het die gras hoog en wild gegroei. Die FAK het saam met opsigter Quentin Meyer, die stadsraad en Common Wealth ingespring om die gras te sny en die terrein skoon te maak. Dit het 'n week se harde werk gekos, maar die begraafplaas was weereens netjies en skoon.

Februarie het 'n groot verbetering aan die begraafplaas se heinings gesien. Met behulp van 'n borgskap van byna R80 000 is die binne- en buiteheinings vervang, en beskadigde mure is herbou.

Charles Rademeyer, kultuurkoördineerder van die FAK, was diep geraak deur die samewerking van al die verskeie rolspelers en vrywilligers.

"Dit was 'n goeie voorbeeld van wat bereik kan word wanneer die gemeenskap saamwerk," sê Rademeyer trots.

Deur die jaar het al die Voortrekkerkommando's ook 'n belangrike rol gespeel in die instandhouding van die begraafplaas. Die eerste Saterdag van elke maand het hulle die terrein kom skoonmaak, herstel en help versorg. Hulle toewyding het 'n groot verskil gemaak.

In Oktober het die FAK en die Krugergenootskap saam met bykans 70 organisasies gewerk om Paul Kruger op sy verjaardag te vereer. Daar is 'n pragtige diens gehou en kranse by sy graf gelê wat respek toon vir hierdie belangrike figuur in Suid-Afrika se geskiedenis.

Desember was 'n tyd om alles wat bereik is, te vier. Die FAK en sowat 16 ander kultuurorganisasies het saamgekom om oor die jaar se harde werk te besin. Hulle het die spanwerk en moeite gevier wat gedoen is om die begraafplaas in stand te hou en te verseker dat dit skoon en netjies bly.

Die werk wat in 2024 by die Heldeakker-begraafplaas gedoen is, dien as bewys van die krag van gemeenskap en spanwerk. Danksy almal wat betrokke is, is die begraafplaas nou 'n goed versorgde en gerespekteerde plek wat Suid-Afrika se geskiedenis eer.

Die Heldeakker-begraafplaas open weer amptelik op die 1ste Februarie vir 2025 se heel eerste skoonmaakaksie.

"Ons kan nie wag om te sien wat die jaar inhou nie," sê Rademeyer opgewonde.






*Foto's: Dia van Staden en Leilani Basson*

# Kerslig, vers, melodie en eindelose dankbaarheid



Johan Hannah, Raymond en Wilna van Tonder het die samesyn in die buitelug geniet.

Dit is feestyd in die Bo-Karoo. 'n Eerste vir ons gesin. 'n Desember propvol vakansiepret wat soveel bied vir gesinne en hul kinders. Wat van 'n bietjie kwaliteit-tyd vir Ma en Pa?

Ek lees 'Kerslig, Vers en Melodie' in Koerania raak, terwyl ek 'n koppie koffie in ons eerste snikhete paar dae, op die stoep buite Snippie Snappie sit en geniet.

"Kom sê saam dankie vir 'n genadejaar," praat die Here met my.

Drag: Semi-formeel. Ag, om 'n bietjie te kan optof vir 'n slag en om 'n 'grootmens' partytjie in die Bo-Karoo by te woon. Mamma en Pappa se eerste, noem dit nou maar 'date night' op die platteland.

Kunstenaar: Franna Benade. Hoewel ek nou nie bekend is met sy hedendaagse musiek nie, is my portuur se mense almal uit die Innes en Franna-era en onthou die manne uit die 80's maar al te goed. Die oop-mond lag van die mooi man op die advertensie is 'n finale uitnodiging om met 'n lied in jou hart jou dankbaarheid te kom betuig. Boonop klink die kos en wyn heerlik en ek bespreek sommer daar en dan.

Ek en Ouman is uitgevat vir ons aandjie en net om op straat te kan stap vul my met die allergrootste dankbaarheid. Die sakkende son sorg, soos altyd, vir 'n skouspel en met die sagte somerson op my oop skouers en 'n lou briesie deur die hare arriveer ons by Oppidorp. Ons word gul verwelkom en sommer sumier aan 'n paar lieflike mense voorgestel.



Ons beleef onverdunde Noord-Kaapse gasvryheid en ongekompliseerde samesyn. Aan ons tafel sit die interessantste mense: onder andere 'n storieboek-boer en sy onderwyseres-vrou van duskant Hopetown. Ons skerts en kuier saam soos mense wat al lank saamloop.

Franna Benade is imponerend. Sy storievertellings voer mens mee en ek kan nie help om die man sy ongelooflike lewensblyheid te beny nie. Tussendeur word diep verse deur Dia van Staden voorgelees. Stof tot nadenke. 'n Manifestering om halt te roep in jou gejaagde lewe en te hunker na dit wat werklik saakmaak.

Tot lank na agt bly die hemel bo die laning



Oppidorp se span het die gehoor met rooswater en wyn verwelkom, waarna smaaklike roosterkoek met 'n vulsel bedien is. Hier pryk hulle saam met Franna Benadé.

dennebome, wat die dorp soos 'n soom van die buitewereld afsper, helder oranje en pienk… Mooier as wat ek ooit onthou.

Ek verkyk my. Swerms voëls sweef geruisloos verby. Met nog 'n vertelling in die agtergrond bly ek opkyk om die Here se vertoning ook in te neem.

Ek kyk weer na die jolige mense om ons. Die stylvol gedekte tafels, die pikante wynglase en



Irma en Barry Delport het heerlik met Amanda en Errol Saayman gekuier tydens die geleentheid.

keurig voorbereide kos. 'n Ware somer Kersfees en vakansie soos geen ander. Kerslig, vers en melodie was nog nooit so mooi nie. Saam sê ons dankie vir nog 'n genadejaar. Franna Benadé het op sy kenmerklike manier die gehoor gelees en tipiese Afrikaanse liedjies



*Franna Benadé*

# FEESTYD IN ORANIA



Gannabos se liggies het inwoners en besoekers bekoor.
Foto: L'lize J van Rensburg






Die vryheid van 'n kayak op die Oranjerivier is enige kind se avontuurdroom.
Foto: Verskaf



Gelofteweek in Orania is altyd 'n hoogtepunt.
Foto's: Verskaf









Die Fiets- en Wyntoer het 'n paar fietse en vriendskappe ingesluit.
Foto's: Nadia Schietekat







Stokkiesdraai Avontuurpark en Winkelsentrum was getooi vir die oujaar. Daar is gekuier tot die nuwe jaar verwelkom kon word!
Foto: Dia van Staden

# Lientjie leer, maar wil eerder doen

Sy studeer Modeontwerp aan die Bloemfontein Mode-akademie, en beoog om aan die einde van 2025 haar kursus suksesvol te voltooi en Orania haar tuiste te maak.
Lientjie Jacobs (22) het vrede gekry toe sy uiteindelik op dié studierigting besluit het. Sy verkies eerder voorspelbare omstandighede en hou nie van leer nie, maar weet dat dié tydperk 'n middel tot 'n doel is. Dié meisie wat visueel sterk ingestel is, kyk met opwinding na die toekoms en sien daarna uit om haar talent tot praktiese uitvoer te bring. "Dit is so bevredigend," vertel sy opgewonde.
"Ek is 'n ernstige mens. Ek moet beslis leer om bietjie te laat gaan," erken sy. Alhoewel sy uitsoek vriende het, geniet sy dit om alleen te wees. "Ek wil besig wees met goed wat my dien," sê Lientjie. Sy geniet dit om nuwe mense te ontmoet en het by 'n baie goeie kerk aangesluit waar sy geestelik gevoed word en kwaliteit mense ontmoet. Sy het begin draf, en geniet dit baie.
Op die vraag hoe dié Oraniakind Bloemfontein beleef, vertel sy: "Min goed werk. Min paaie se sperlyne is geverf en daar is oral gate in die paaie. Die algemene verval is groot." Die pogings wat aangewend is om op sommige plekke te probeer opknap tydens die verkiesing was nie volgens haar suksesvol nie. Die dilemma met elektrisiteit- en watervoorsiening is 'n redelike gereelde kopseer. Die klimaat is 'n uitdaging, maar nie veel anders as wat sy reeds in Orania leer ken het nie.
Die heelwat meer verkeer was aanvanklik vir haar 'n uitdaging. "Mense ry soos wat hulle wil," skerts sy. Aangesien sy baie na haar ouers verlang het, was die saam-wees altyd goed benut.
Lientjie is dankbaar wanneer sy vertel dat daar die afgelope jaar sonkrag en boorgatwater by haar privaat woonstel beskikbaar was. Sy gaan vir die volgende jaar met twee ander studente 'n woonstel in 'n kompleks deel.
Daar was lewenslesse en sy rammel hulle sommer maklik af. Sy het hernude waardering vir verhoudings en vriendskappe ontwikkel. "Ek het geleer dat 'n mens baie meer aanpasbaar is as wat jy self dink." Haar klasse is meestal in engels, wat daartoe bygedra het dat haar tweetaligheid verbeter het. "My vriende probeer egter almal beter Afrikaans praat as hulle in my geselskap is." Woorde is vir haar soms leeg en betekenisloos, en wanneer sy in 'n verhouding is, is aanraking haar liefdestaal.
Sy hunker egter daarna om spoedig haar ontwerpersmerk in Orania te kom maak. Sy het vroeg al agtergekom dat jy in Orania kan begin werk en 'n besigheid deeltyds kan begin ontwikkel. Die uiteindelike droom is 'n boetiek waar sy eksklusiewe kledingstukke vir kliënte kan maak, maar herinner haarself dadelik dat sy eers kapitaal bymekaar sal moet maak voordat sy daardie droom kan verwesenlik.
"In Orania kan mens nog jongmens wees." Vir haar beteken dit dat sy met haar fiets kan rondry, stap waar sy wil wees en nie heeltyd bekommerd hoef te wees dat haar goed gesteel gaan word nie. Sy wil tussen haar eie mense bly.
"Ek moet egter nou hierdie doen, om te kry wat ek mettertyd wil hê!" Haar voorneme is om nie te hard op haarself te wees nie en moedig ander jongmense aan om bietjie genade vir hulself te toon en meer komplimente vir ander uit te deel.





Lientjie Jacobs staan trots hier in van haar eie skeppings.









## ORANIA DAGBOEK

### Januarie

15 - Skole heropen
15 – CVO-Atletiekkliniek
24 – BKO fondsinsameling: Vermaaklikheidskunstenaar
24 en 25 – CVO-Kleuresport
30 – CVO-Sottekonsert

### Februarie

14 – CVO-Streeksatletiek
21 - CVO-Dassieprojek
21 - Huppelkind Manne-aand
27 – Slag van Majuba (vakansiedag in Orania)

### April

3-5 Bo-Karoo Vasbyt

VANUIT DIE GEHOOR

Yoraldé van Staden

# Modelle pronk in die oewertuin

Op Saterdag 14 Desember 2024 het 'n klein groepie Oraniërs aan die oewer van die Oranjerivier bymekaargekom om die dorp met 'n modeparade te vermaak. Beide mans en vroue het die loopplank, of in dié geval, die grasperk, sommer kaalvoet betree om son, styl en safari uit te beeld. 'n Tema wat goed by Oraniërs se algemene styl en die hittige somers wat ons hier beleef pas.

Orania Uitrusters en Kleinreus se Nefie het die mans in kortbroeke geklee sodat enige besoekers kon sien met watse bene hierdie manne van ons spog, terwyl Cia-Mari Boetiek, Kleinreus se Niggie en Jaroelie (voorheen bekend as Kroon tot Toon) gesorg het dat die dames pragtig in vloeiende somersrokkies en hulle eie wergawes van "safaripakkies" kon verskyn.

Die gehoor is selfs verras met 'n klassieke trourok wat die rondte gedoen het.

Soos meeste van ons goed weet is Desembers in Orania nie vir leeglê bedoel nie. Buiten die talle mense wat nog hard aan die werk is, begin die dorp ook gons met toeriste sowel as 'n besige vakansieprogram. Dus was hierdie jaar se modeparade 'n intieme geleentheid waar jy sommer met jou piekniekmandjie onder 'n skaduboom kon gaan sit.

Die informele manier waarop die modeparade aangebied was het 'n gesellige atmosfeer geskep waar ons gereeld kon lag vir van die modelle se manewales.

Nog iets om uit te lig is dat gewone lede van die gemeenskap gevra is om modelle vir die geleentheid te wees. Dit was die oom wat ek Maandag, as ek 'n pakkie skroewe nodig het, weer by die hardeware gaan sien of die meisie wat die vleis vir vanaand se braai vir my oplui. Dit het die gevoel van gemeenskap waarvoor die dorp bekend is uitgelig en dit is juis waarom dit vir my groot pret was om by te woon. Dit was 'n geleentheid om saam met vriende en familie na 'n lang jaar onder 'n groot boom te ontspan, om te sien hoe mense wie jy nie ken nie, iets doen wat heeltemal buite hulle gemaksone is, en ook om daardie mense dan bietjie beter te leer ken.



Ané Kruger het die geleentheid met 'n pragtige sanggebed geopen. Anneli van Rooyen se Neem ons bede aan, was 'n spesiale wyse om die middag te begin.

Foto's: Dia van Staden



Lana Maree van Weltevreden Haarsalon het die modelle se hare stileer. Hier glimlag sy en Dia van Staden saam na afloop van die modeparade.







# Wen boeke met jou vakansiestorie

Luca en Lapa Uitgewers het Koerania bederf met pragtige boeke wat nou deur een van ons aktiewe lesers gewen kan word. Stuur vir ons 'n heerlike storie wat jou vakansie opgekikker het en tot groot pret gelei het?

Reëls:

- Kies 'n titel vir jou storie.
- Maksimum 200 woorde.
- Stuur jou getikte storie na redakteur@koerania.co.za voor of op Vrydag 7 Februarie.
- Die wenstorie sal in die Koerania van 14 Februarie geplaas word.
- Goeie taalgebruik sal waardeer word.

Hierdie boeke kan gewen word met jou lekker vakansiestorie van 200 woorde!
Drie Romanzas: 'n Kersboom van hout (Elsa Winkler), 'n Kersfeeskomplikasie (Dina Botha) en Huis toe vir Kersfees (Madelie Human).
Lewensgidse vir vroue en mans deur Aletté en Heinz Winkler.
'n Kinderboek: Lea gaan skool toe deur Suléka Smit en Johann Strauss.









KOERANIA Sport

Januarie 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 14

oraniadigitaal.com
Webgasheerdienste
ORANIA DIGITAAL

# UITDIE SITPLEK

Johan de Klerk

# Sinkplaatfietstoer- vir die ervare en minder ervare bergfietsryer



Foto's: Dia van Staden
Die hele groep ryers het tydens die bymekaarkom sommer gou aan die gesels geraak om mekaar te leer ken.

Die Sinkplaatfietstoer het vanjaar sy eerste afgeskop gehad. Dit was 'n 175 km bergfietsroete wat in Orania begin het en weer in die dorp geëindig het. Dit het van 18 tot 20 Desember plaasgevind. Daar is drie dae gery en twee nagte oorgeslaap. Ryers het 'n ligte rugsakkie saamgedra en 'n ondersteruningsvoertuig het saamgery. Die fietstoer het iets gebied vir die ervare en die minder ervare ryer. Die gedagte was dat elkeen op sy eie tyd die daaglikse afstande kon voltooi.

Daar was plek vir 14 ryers en al die plekke was opgeneem. Ryers van Gauteng, Noord-Wes, Vrystaat, Noord-Kaap en Orania het deelgeneem.

<u>Dag 1, ongeveer 53,7 km:</u> Daar is by die kantore van die Orania Beweging weggespring. Die eerste afdraai was na die Vluytjeskraalbrug. Hier is etlike kilometer langs die Rama-kanaal gery om 'n blik te kry op die kanale wat destyds deur die Departement Waterwese gebou is. Later is daar weer teruggekeer na Witputgrondpad. Ryers het gery tot by Wiida-gasteplaas en daar oornag. Hier is hulle getrakteer met 'n heerlike aandete waar biefstuk, 'n aartappelgereg, slaai, sap en roomys bedien is.

<u>Dag 2, ongeveer 80,9 km:</u> Ryers het vroeg in die pad geval en by Klipkraalpadstal 'n heerlike plaasontbyt geëet. Vandaar het hulle weer die roete aangedurf, in die rigting van die Oranjerivierstasie.

Die treinbrug oor die Oranjerivier is gekruis en 'n besoek is gebring aan die Doornbult-konsentrasiekamp. Daarna is die pad al langs die treinspoor gery tot by Kraankuil. Vandaar 'n verdere 27 km tot by die plaas, Vanwyngaardspan, waar daar by die Jagkamp oornag is. Hier is ryers bederf met lamspotjie, rys, potbrood, slaai, sap en nagereg.

<u>Dag 3, ongeveer 40,9 km:</u> Die einde is byna in sig. Die dag is begin met 'n plaasontbyt, waarna die pad terug na Orania aangepak is. Dit is hoofsaaklik teerpad wat omring word met tipiese Karoolandskap.

Om 11:00 het die toer ten einde geloop en het die toergroep saam by Melk en Heuning iets verfrissend genuttig.

Ek en Pieter Bisschoff het die toer georganiseer. Ek (Johan de Klerk) reël jaarliks 'n staptoer en het probeer om die stempel van 'n staptoer op 'n bergfietstoer af te druk. Die twee menere is dit eens dat die eerste poging 'n groot sukses was en bedank elkeen wat ingeskryf het.

Daar word reeds beplan aan 2025 se toer en 'n nuwe roete word ondersoek wat deelname vir 20 ryers moontlik sal maak.







